

## Sondag 12 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 8:1-6; 9:15-18; HK Sondag 14, Vraag 36

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:15

### Ons Middelaar bedek ook ons erfsonde

Vroeër het ons belydenis al gehandel oor die vraag: Hoedanige Middelaar het ons nodig om ons skuld te bedek en ons sonde te versoen? Die antwoord was toe: So Een wat ware God en tegelykertyd ware, regverdige mens is. In hierdie afdeling van ons belydenis word Jesus Christus aangewys as daardie Middelaar na Wie ons gesoek het. Hy is immers die Seun van God en Self God en het dit ook in sy menswording gebly. Hoe wonderlik is dit nie om dit te weet nie! Hier het ons dus *die skeidsregter* gevind waarna Job gesoek het wat sy hand op God en op die mens kan lê (Job 9:33). Hy kan ons by God verteenwoordig en God by ons. Daarom kan Hy ons met God versoen (2 Kor. 5:19). Met die geboorte van Christus kon die wêreld wat in die duisternis van sonde en ellende op die ewige oordeel gewag het, dus toegeroep word: Daar is 'n Middelaar en Verlosser! Hy is gebore in Betlehem.

Die verdere betekenis van die menswording van die Seun van God is dat Hy met sy onskuld en volkome heiligheid die sondes waarin ons ontvang en gebore is, voor God bedek. Die groot nadruk val hier op die feit *dat Hy ons sondes voor God bedek*. Ons weet immers dat as ons voor God vrygespreek wil word, die sondes van ons hele lewe voor God bedek moet wees. Ons sondes begin nie maar in ons jeug toe ons verstand gekry het nie. Nee, dit gaan veel verder terug. Vanweë die erfsonde is ons ook in sonde ontvang en gebore. Daarom het ons nie genoeg aan 'n Middelaar net vir die volwasse jare nie. Ons het 'n Middelaar nodig wat self ook in 'n vrou verwek is en uit haar gebore is. So is dit inderdaad met Jesus Christus. Daarom kan Hy met sy heilige ontvangenis en geboorte die sonde bedek waarin ons ontvang en gebore is. En wat geld van my ontvangenis en geboorte, geld ook vir die res van my lewe.

Bo-oor die swart sondelewe by ons, lê die suiwer, vlekkelose en heilige lewe van Jesus Christus wat ook by Hom tot by ontvangenis en geboorte teruggaan. Daarom kan ons om sy ontwil voor God verskyn asof ons nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. So is die menswording van Jesus Christus 'n bron van onuitspreeklike vreugde vir die kinders van God, want hulle erfsonde en daaglikse sonde word deur Christus se onskuld en volkome heiligheid bedek.